



Vak: Graad 6 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)
Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis): Kwartaal
2 - Eksamen 1
Totaal: 106 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 1



Leonardo Da Vinci – Anatomical studies of the shoulder. (2015). [Wikimedia Commons](https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Leonardo_da_Vinci_-_Anatomical_studies_of_the_shoulders_-_WGA12824.jpg) (online).
https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Leonardo_da_Vinci_-_Anatomical_studies_of_the_shoulders_-_WGA12824.jpg. (28/03/2016).

Vraag 1: Waar/Onwaar

2 punte

Leonardo da Vinci het die menslike liggaam bestudeer (anatomie) deur die liggame van dooie mense te bestudeer en te teken.

WAAR

ONWAAR



Vraag 2: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Kondisies in Europa het verander, wat dit ideaal gemaak het vir die Renaissance om te begin. Dit het (1), (2) en (3) ingesluit.

(Gee die antwoorde in alfabetiese volgorde.)

Opsies Is: toegang tot waterkanale en hawens vir reis | meer intelligente mense wat kon lees en skryf | 'n sterk kerk wat mense kon hanteer en mense toegelaat het om vrae te stel | nuwe uitvindings wat mense toegelaat het om verder te ontdek | mense wat verveeld was met hul lewens van voortdurende oorlog en armoede | al die ou tekste en inligting wat deur die Antieke Grieke en Romeine agtergelaat is, en deur hulle gevind is | handelsroetes tussen die Ooste en die Weste wat inligting en nuwe idees na Europa gebring het | 'n sterk ekonomie wat dit kan bekostig om luuksheide te koop

1	
3	

2	
---	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 3



Vraag 3: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die handelsroete wat idees uit die Ooste na Europa gebring het, is die ... roete genoem.

--

Vraag 4: Veelvuldige Keuse

4 punte

Hoe het die magnetiese kompas kartograwe in hul beroep gehelp?

- | | |
|----------|--|
| A | Matrose en ontdekkingsreisigers kon inligting oor hul reise akkuraat aanteken, wat beteken dat kartograwe meer akkurate kaarte kon maak. |
| B | Hulle het meer kaarte verkoop. |
| C | Mense het nie verdwaal as hulle in stede reis nie. |
| D | Het hulle gehelp om noord op die kaart te vind. |
-

Vraag 5: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die handelsroete wat idees vanaf die Ooste na Europa gebring het, word die ... roete genoem.

Vraag 6: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wat ons weet van die Renaissance-periode, kom uit bronne wat ... is in dié tyd (15de en 16de eeue).

Vraag 7: Waar/Onwaar

2 punte


Die Renaissance het in China begin en in die 1300's na Italië en die res van Europa versprei.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 8

Arab ships



Vraag 8: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Pas die woorde by hul betekenis:

1. (1) mense wat langs die ooskus van Afrika leef
2. (2) handel op 'n wêreldwye skaal
3. (3) Arabiese skepe

Opsies Is: Swahili | globalisering | dhows | Arabiere | wêreldhandel | karvele

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 9: Skryf Jou Antwoord


3 punte

In Mapungubwe het die koning met die voorvaders gekommunikeer namens die mense.

Dit word ... leierskap genoem.

--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 10



Vraag 10: Waar/Onwaar

2 punte

Schroda het in ongeveer 1000 n.C. as hoofnedersetting by K2 oorgeneem.

WAAR

ONWAAR

Vraag 11: Veelvuldige Keuse

4 punte

Hoe het die uitvinding van buskruit die ontdekkers op hul seereise gehelp?

- | | |
|----------|--|
| A | Dit was 'n stof wat die maste beter laat werk het. |
| B | Dit was 'n plofstof waarmee hulle haaie kon skiet. |
| C | As hulle seerowers wou aanval, kon hulle die swart poeier in die gewere sit wat dan die koeëls kon uitskiet. |
| D | Die buskruit het gedien as medisyne vir maagprobleme. |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 12



Vraag 12: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kort nadat Mapungubwe verlaat is, het 'n soortgelyke staat verder noord by ... ontwikkel . Baie van hierdie klipmure staan nog, maar meeste van die dorp is vandag ruïnes/ bouvalle.

Vraag 13: Waar/Onwaar

2 punte

Die idees van die Renaissance het van Italië na die res van Europa versprei.

WAAR

ONWAAR

Vraag 14: Waar/Onwaar

2 punte

Mapungubwe het Groot Zimbabwe geword.

WAAR

ONWAAR



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 15



<https://www.researchgate.net/figure/Mapungubwe-glass-beads-from-Mapela->

Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Argeoloë het ... en gebreekte stukkies ivoor in Schroda gevind. Dit dui daarop aan dat die inwoners met mense op die ooskus van Afrika verhandel het.

Vraag 16: Veelvuldige Keuse

4 punte

Soos wat Da Gama rondom Afrika geseil het, het hy ontdek dat die ooskus

- | | |
|----------|--|
| A | baie gevaarlik was |
| B | deur Afrikaner en Arabiese handelaars bestuur word |
| C | onbewoon |
| D | deur Arabiese en Indiese handelaars bestuur word |



Vraag 17: Veelvuldige Keuse

4 punte

Hoe kan 'n kompas seevaarders help om hul weg te vind?

- | | |
|----------|--|
| A | Dit het 'n magnetiese naald wat rondwip. |
| B | 'n Kompas het 'n magneet wat die kompasnaald altyd noord laat wys. |
| C | 'n Kompas wys altyd waar noord, oos, suid en wes is. |
| D | 'n Kompas hou rekord vanwaar jy gekom het. |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 18**Vraag 18: Voltooi Die Ontbrekende**

6 punte

Handel met lande in die Midde-Ooste, Asië en (1) het toegeneem. Europeërs was veral geïnteresseerd in (2) wat gehelp het om die smaak van kos wat nie heeltemal vars was nie, te verberg. Dit was omdat die konsep rondom (3) nog nie uitgevind is nie.

Opsies is: speserye | kruie | medisyne | koud | ys | Europa | Afrika | Amerika | yskaste

1		2	
3			

Vraag 19: Veelvuldige Keuse

4 punte

Daar was bekwame ... werkers in Groot Zimbabwe wat juwele en ornamente van hierdie stof gemaak het.

- | | |
|----------|-------|
| A | koper |
| B | goud |
| C | staal |
| D | ivoor |



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 20



Vraag 20: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die twee mans in hierdie foto is

- | | |
|----------|-------------|
| A | argitekte |
| B | ambagsmanne |
| C | argeoloë |
| D | kunstenaars |

Vraag 21: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die matrose op skepe moes vars kos en water hê om hul gesond te hou. Die gebrek daaraan het tot 'n siekte genaamd ... gelei.

Vraag 22: Skryf Jou Antwoord

3 punte


Na watter periode het die Renaissance gekom?

Die

Gee net die antwoord

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 23

Leonardo Da Vinci en Galileo Galilei



Vraag 23: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Galileo Galilei is in ... in Italië gebore.

Gee die datum.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 24




Vraag 24: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Marco Polo het Sjina verlaat en teruggekeer na sy geboortestad, ... , in Italië.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 25



https://en.wikipedia.org/wiki/Portuguese_discoveries#/media/File:Gama_route_1.svg, Sept 2008

Vraag 25: Waar/Onwaar

2 punte

Dias en Da Gama het beide vanaf Lissabon in Portugal geseil, om vir 'n handelsroete na die Ooste te soek.

WAAR

ONWAAR

Vraag 26: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Leonardo Da Vinci was ook geïnteresserd in (1) wat die wetenskap is viandie teken van kaarte. Die vaardigheid wat hom die meeste gehelp het hiermee, was sy vermoë om te (2) met ongelooflike akkuraatheid en netheid.

Opsies Is: argitektuur | dierekunde | geologie | kartografie | beeldhoukuns | verf | teken | masjiene | skryf

1

2



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 27



Vraag 27: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die Syroete was 'n netwerk van roetes oor land, wat gebruik is om handelsgoedere tussen (1) in die Weste, ander dele van Asië en (2) te vervoer.

Opsies Is: Europa | Noord-Europa | Suid-Europa | Sjina | Hongkong

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 28: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Vanaf ongeveer 900 n.C. het mense groter nedersettings in die Limpopovallei begin bou.

Die nedersetting van (1) het tussen 900 n.C. en 1000 n.C. ontwikkel.

Die nedersetting van (2) het tussen 1000 n.C. en 1220 n.C. ontwikkel.

Die nedersetting van (3) het tussen 1220 n.C. en 1300 n.C. ontwikkel.

Opsies Is: K2 | Limpopo | Mapungubwe | Schroda

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 29: Veelvuldige Keuse

4 punte

Wat is Humanisme?

- | | |
|----------|--|
| A | Humanisme is die wetenskap om mens te wees en nie soos God te probeer wees nie. |
| B | Humanisme is 'n ideologie (idee) wat die mensdom vier - een van God se skeppings. |
| C | Humanisme is die ideologie (idee) wat bevraagteken of ons die middelpunt van die heelal is of nie. |
| D | Humanisme is 'n ideologie (idee) wat intellektuele ontwikkeling aangemoedig het, wat mense eerder as God die middelpunt van aandag maak. |
-

Vraag 30: Veelvuldige Keuse

4 punte

Wanneer mense teen die heuwel opgestap het, het hulle ... opgeloopt.

- | | |
|----------|--------------|
| A | vorentoe |
| B | agteruit |
| C | sywaarts |
| D | soos hul wil |

Totaal: 106 Punte